


# PREEKNOTA

Datum: **22/09/2024**

**Psalms 23:5-6 (AFR53)** [5]U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. [6]Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

## 1. Wat as dit wat ons kort, nog die hele tyd voor ons was?

**Matteus 11:25 (DB)** …"Baie dankie, Vader… dat u boodskap so duidelik en eenvoudig is.

## 2. 3 Duidelike en eenvoudige uitnodigings.

### UITNODIGING EEN: GEE.

**Lukas 18:22 (DB)** [22]Daarop antwoord Jesus: "Wel, dan is daar nog net een klein dingetjie wat jy moet doen. Gaan verkoop al jou besittings. Gee dan…en word een van my volgelinge. …

### UITNODIGING TWEE: DIEN.

**Matteus 20:26+28 (DB)** [26]… As een van julle in God se oë belangrik wil wees, moet hy bereid wees om ander te dien. [28]Kyk na My: Ek is die Seun van die mens…Ek het gekom om te dien.

### UITNODIGING DRIE: WEES LIEF.

**Johannes 13:34 (DB)** [34]… "Julle moet mekaar liefhê. Dit verwag Ek van julle. Kyk hoe lief het Ek julle. Laat dit vir julle die voorbeeld wees van hoe lief julle mekaar moet hê.

## 3. Liefde vir mekaar het twee kategorieë!

**Matteus 5:43 (NLV)** [43]"Julle het gehoor dat gesê is: 'Jy moet jou eie mense liefhê, maar jy hoef nie jou vyand lief te hê nie, [44]Maar Ek sê vir julle, julle moet julle vyande liefhê…

## 4. Die uitdaging van liefde vir jou eie mense.

**Lukas 5:17 (DB)** [17]Op 'n dag was Jesus weer besig om die mense te leer. Baie godsdienstige leiers het ook kom luister na wat Hy te sê gehad het. Fariseërs en kenners van die wet van Moses van oor die hele Galilea en Judea, selfs uit Jerusalem, was in die gehoor. Deur die krag van die Here het Jesus baie siekes gesond gemaak.

**Lukas 5:18-19 (DB)** [18]Intussen het daar 'n klompie mense aangekom wat 'n verlamde man op 'n draagbaar gedra het. Hulle wou hê dat Jesus hom gesond moet maak. [19]Maar daar was so baie mense dat hulle nie naby Hom kon kom nie. …

## 5. Wat gebeur as mense lief is vir ander?

**Lukas 5:19 (DB)** [19] …Hulle het toe op die dak geklim, 'n klomp dakteëls uitgehaal en die man op die draagbaar met toue laat afsak tot reg voor Jesus.

**Lukas 5:20 (DB)** [20]Jesus was baie beïndruk met hulle geloof. Hy sê toe vir die verlamde man: "Vriend, Ek gaan jou 'n goeie rede gee om weer te lag. …

## 6. Hoe kan ons mekaar liefhê?

**Lukas 5:23-24 (DB)** [23]Sê 'n bietjie vir My wat is die maklikste: om vir iemand te sê: 'Jou sondes is afgeskryf' of: 'Staan op en loop gesond hier weg'? Natuurlik is dit nie moeilik om enigeen van hierdie dinge te sê nie. Woorde kom maklik. [24]Maar om dit te laat gebeur is heeltemal 'n ander saak. …

**Lukas 5:24 (DB)** [24]…Wel, julle weet baie goed dat iemand net sondes kan vergewe as hy die mag het om dit te doen. Ek, die Seun van die mens, het daardie mag. Kyk nou mooi: Ek gaan dit doen sodat julle kan besef met wie julle te doen het."Jesus sê toe vir die lam man: "Staan op. Vat jou draagbaar en gaan terug na jou mense toe."

## 7. Na wat toe gaan jy teruggaan?

**Lukas 5:25-26 (DB)** [25]Die man het nie 'n oomblik gehuiwer nie. Voor almal het hy opgestaan, sy draagbaar gevat en na sy huis toe gestap. Hy het God hardop geloof en geprys. [26]Die mense kon hulle oë nie glo nie. Hulle is met groot respek vir God vervul. "Nou het ons regtig gesien hoe wonderlik God is," het hulle vir mekaar gesê.